(Augustus 2018)

# WES-KAAP SA BOERPERD KLUB ~ JAARVERSLAG 2018

**Teilman Roos (Voorsitter);Lizelle Gouws (Sekretaresse)**

1. **WES-KAAP SAB STREEKSKOU (Feb 2018)**
   Die SAB Wes-Kaap Streekskou in Februarie 2018 het hierdie jaar saam met die Riversdal Skou se 150 jarige feesvieringe plaasgevind.
   Dit is baie goed ondersteun met 'n totaal van 44 SA Boerperde uit die Wes-Kaap Streek asook ander streke.
   Die Wes-Kaap klub se Jaarvergadering is goed ondersteun en daar was veral 'n groot aantal kinders wat ook deel gehad het en hulle insette kon lewer tydens die vergadering ten opsigte van Jeug Aksie sake.

2. **2018 SAB (Inter) Nasionale Kampioenskappe te Parys, Afridome**
   Drie van die SA Boerperd Jeug Aksie lede (Monika Viljoen, Anja Lourens en Lisa Gouws) het deelgeneem aan die (Inter)Nasionale Kampioenskappe en baie goed presteer.
   Die Wes-Kaap het ook 'n baie gesellige Kaas & Wyn aand aangebied saam met die Stêrhings verrigtinge.

3. **SANESA**
   SANESA Wes-Kaap Regional Finals is in George gehou vanaf 9-12 Augustus 2018.
   Twee Wes-Kaap ruiters is opgeneem in die Wes-Kaap Span wat in Oktober aan die SANESA Nasionale Kampioenskappe gaan deelneem.
   Hier volg die uitslae:
   3.1 Zoe Heyns en Fynbos Immigrant
   - 2de plasing in Equitation, Level 2
   - 4de en 5de plasings in Prix Caprilli. Sy gaan ook deelneem aan dressage en show jumping.

   3.2 Anja Lourens en Mianta Decapo
   1ste plasing in Performance Riding, Level 5
   2de plasing in Dressage, Level 1 (a) (70.69%)
   1ste plasing in Dressage, Level 1 (b) (69%)

4. **WESTERN CAPE DRESSAGE CHALLENGE**
   Die Western Cape Dressage Challenge het in Julie in Stellenbosch plaasgevind. Baie Geluk aan Anja Lourens met haar besonderse prestasies in SA Dressage.
   - Anja met Mianta Decapo : Junior Prelim 2018 Kampioen en hiermee ook 1ste Provinsiaal en 4de Nasionaal op die SA Junior 2018 ranglys.
   - Anja met Rymaar Daarshy : Pony Rider Medium Kampioen en hiermee dan 1ste Provinsiaal en 2de Nasionaal op die SA Pony Rider 2018 ranglys.

Anja Lourens loop ook voor in die Europa Dressage Challenge met beide haar SAB's. Hierdie Dressage Challenge punte word oor 6 skoue bereken.

5. **SHOWING**
   Die Wes-Kaap Showing Championships word aangebied by Mistico op 3 en 4 November 2018.

6. **BEMARKING**
   Daar is 'n SA Boerperd artikel in die SA Sporting Horse Tydskrif geplaas en Petro Grove het foto's van die Wes-Kaap Streekkampioene gebruik vir plasing. Provinsies kon ook van die geleentheid gebruik maak om ook elk hul eie advertensie te plaas